

**Skriflesing:** Levitikus 23:1-8; Eksodus 12:1-14, 21-30

Teks: **Levitikus 23:4-5; Genesis 8:4**

Sing- **Ps. 118:10; Ps. 119:55; Ps. 84:5; Sb.8:4,5**

**Levitikus 23:1-8**

**Lev 23:1** Verder het die HERE met Moses gespreek en gesê:

**Lev 23:2** Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Die feestye van die HERE wat julle moet uitroep as heilige samekomste dit is my feestye.

**Lev 23:3** Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is dit 'n dag van volkome rus, 'n heilige vierdag; géén werk mag julle doen nie dit is 'n sabbat van die HERE in al julle woonplekke.

**Lev 23:4** Dit is die feestye van die HERE, die heilige vierdae wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd.

**Lev 23:5** In die eerste maand, op die veertiende van die maand, teen die aand, is die pasga van die HERE;

**Lev 23:6** en op die vyftiende dag van hierdie maand is die fees van die ongesuurde brode van die HERE; sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet.

**Lev 23:7** Op die eerste dag moet daar vir julle 'n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie.

**Lev 23:8** Maar julle moet sewe dae lank aan die HERE 'n vuuroffer bring. Op die sewende dag moet daar 'n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie.

**Eksodus 12:1- 14; 21-30**

**Exo 12:1** En die HERE het met Moses en Aäron in Egipteland gespreek en gesê:

**Exo 12:2** Hierdie maand moet vir julle die begin van die maande wees; dit moet vir julle die eerste van die maande van die jaar wees.

**Exo 12:3** Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen 'n lam neem volgens die families, 'n lam vir 'n huisgesin.

**Exo 12:4** Maar as 'n huisgesin te klein is vir 'n lam, dan moet hy en sy buurman wat die naaste aan sy huis is, dit neem volgens die sieletal; na wat elkeen gewoon is om te eet, moet julle die getal op die lam bereken.

**Exo 12:5** Julle moet 'n lam hê sonder gebrek, 'n jaaroud rammetjie. Van die skape of van die bokke kan julle dit neem.

**Exo 12:6** En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand.

**Exo 12:7** En hulle moet van die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte en aan die bo-drumpel, aan die huise waarin hulle dit eet.

**Exo 12:8** En hulle moet die vleis in dieselfde nag eet, oor die vuur gebraai; saam met ongesuurde brode moet hulle dit met bitter kruie eet.

**Exo 12:9** Julle moet daarvan nie eet as dit rou is en as dit in water gaar gekook is nie, maar oor die vuur gebraai, die kop en pootjies saam met die binnegoed.

**Exo 12:10** Julle mag daar ook niks van laat oorbly tot die môre toe nie; maar wat daarvan tot die môre oorbly, moet julle met vuur verbrand.

**Exo 12:11** En só moet julle dit eet: Julle heupe moet omgord wees, julle skoene aan jul voete en julle staf in jul hand; baie haastig moet julle dit eet. 'n Pasga van die HERE is dit.

**Exo 12:12** Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref, van mense sowel as van diere. En Ek sal strafgerigte oefen aan al die gode van Egipte, Ek, die HERE.

**Exo 12:13** Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie.

**Exo 12:14** En hierdie dag moet vir julle 'n gedenktag wees, en julle moet dit as 'n fees tot eer van die HERE vier. Julle moet dit in julle geslagte as 'n ewige insetting vier.

**Vv 21-30**

- Exo 12:21** Moses het toe al die oudstes van Israel laat roep en aan hulle gesê: Gaan haal vir julle kleinvee vir julle families en slag die pasga.
- Exo 12:22** En neem 'n bossie hisop en steek dit in die bloed wat in die skottel is, en stryk aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte van die bloed wat in die skottel is. Maar niemand van julle mag uit die deur van sy huis uitgaan tot die môre toe nie.
- Exo 12:23** Want die HERE sal deurtrek om die Egiptenaars swaar te tref. Maar wanneer Hy die bloed sien aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte, sal die HERE by die deur verbygaan en die verderwer nie toelaat om in julle huise in te gaan om te slaan nie.
- Exo 12:24** Onderhou dan hierdie saak as 'n insetting vir jou en jou kinders tot in ewigheid.
- Exo 12:25** En as julle in die land kom wat die HERE aan julle sal gee soos Hy beloop het, moet julle hierdie diens onderhou.
- Exo 12:26** En as julle kinders julle vra: Wat beteken die diens daar?
- Exo 12:27** dan moet julle sê: Dit is 'n paasoffer aan die HERE, wat by die huise van die kinders van Israel in Egipte verbygegaan het, toe Hy die Egiptenaars getref maar ons huise gered het. Toe het die volk in aanbidding neergebuig.
- Exo 12:28** En die kinders van Israel het gegaan en dit gedoen. Soos die HERE Moses en Aäron beveel het, so het hulle gedoen.
- Exo 12:29** En middernag het die HERE al die eersgeborenes in Egipteland getref, van die eersgeborene van Farao af wat op sy troon gesit het, tot die eersgeborene van die gevangene toe wat in die gevangenis was, en al die eersgeborenes van die diere.
- Exo 12:30** Toe staan Farao in die nag op, hy en al sy dienaars en al die Egiptenaars, en daar was 'n groot gejammer in Egipte, want daar was geen huis waar geen dooie in was nie.

#### TEKSVERSE

**Lev 23:4** Dit is die feestye van die HERE, die heilige vierdae wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd.

**Lev 23:5** In die eerste maand, op die veertiende van die maand, teen die aand, is die pasga van die HERE;

**Gen 8:4** En die ark het in die sewende maand, op die sewentiende dag van die maand, op die gebergte van Ararat gerus.

**Skriflesing:** Levitikus 23:1-8; Eksodus 12:1-14, 21-30

Teks: **Levitikus 23:4-5; Genesis 8:4**

Sing- **Ps. 118:10; Ps. 119:55; Ps. 84:5; Sb.8:4,5**

Broeder en suster, ek dink u sal met my saamstem. Daar word nie baie uit Levitikus gepreek nie. Dit is eintlik baie jammer. Hoekom dit só is, kan seker verskeie redes genoem word. Ek dink die vernaamste rede is dat baie mense sal sê dit is maar net 'n klomp wette wat in alle geval niks meer beteken nie. Ons kan ons nie aan al die klomp wette steur nie. Ons blaai dit maar verby. 'n Boek met baie wette, baie registers, baie datums, 'n mens is geneig om dit verby te gaan. Ons maak 'n fout...

\*\*\*

Graag wil ek dit vandag nie verbygaan nie. Spesifiek Lev. 23 wanneer mens hierdie hoofstuk mooi na kyk dan gebeur hier wat ons in die tyd van die jaar moet aangryp. Ja, ons gereformeerdes hou ons nie altyd streng aan die kerklike jaar nie. Wel, wil ons in die naderende lydenstyd, die lyding wat daar vir Christus was, dit duidelik vir mekaar sê dat Goeie Vrydag en Paassondag, Hemelvaart, Weessondag, Pinkster, daar loop 'n lyn wat ons

nie ook maar net kan verbygaan nie. Hierdie lyn moet vanuit Lev.23 nagegaan word. Ons teksverse staan- *Dit is die feestye van die Here, die heilige vierdae wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd...*

\*\*\*

Nou het ons Lev. 23 net die eerste 8 verse gelees. U kan gerus by die huise die hele hoofstuk gaan lees, want in hierdie één hoofstuk is God se volledige verlossingsprogram saamgevat. Ja, wat kan belangriker wees as met die Ou en Nuwe Testament, die heilige lyne saam te bring rondom wat God se verlossing vir ons beteken. Ons mag die Ou en Nuwe Testament in alle geval nooit van mekaar skei nie, want Jesus het Self gesê sy werk is om die Wet en die profete te vervul. Hy het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.

So staan al hierdie feeste en feesdae wat ons in Lev. 23 van lees in Jesus Christus vervul. Hier is in die hoofstuk sewe feeste ter sprake. Dit begin met die Paasfees (vv. 4-5). Paasfees dui op die dood van Christus- die Messias. Dan die fees van die ongesuurde brode (vv. 6-8) wat ons by die tweede diens vandag na kan kyk. Dit dui op die begrafnis van Jesus. Die ongesuurde brode dui verder op die volmaaktheid en sondeloosheid van die lam, die sondeloosheid van die Messias. Suurdeeg wat die simbool dra van sonde en dit wat sonde ons lewens indra/insuur. In die tyd wat kom wil ons by die ander feeste ook uitkom. Die fees van die eerstelingvrugte (vv.9-14). Dit dui op die opstanding van Christus. Dan kom die fees van die weke (vv.15-21). Ook genoem die Oesfees, die Pinksterfees. Dit dui op die geboorte van die kerk van Jesus Christus. Die Nuwe Testamentiese kerk is met Pinkster gebore. Hierdie eerste vier feeste staan saamgegroeper. Dit vorm 'n siklus, 'n seisoen van vier feeste wat alles betrekking het op die eerste koms van Jesus Christus na hierdie aarde.

\*\*\*

Daarna breek in Israel se feesprogram 'n tussenperiode aan (Lev.23:22). Dit wat 4 maande geduur het. Na die 4 maande het hulle gekom by die drie laaste feeste vir 'n jaar. Vv.23-25 was die fees van die basuine (trompette). In vv. 26-32 kom die sesde groot fees- die groot versoendag. Die voorlaaste van hierdie heilige tye wat op die einde afgesluit word met die Loofhuttefees. Al sewe hierdie feeste word ingedeel met die gedagte van 4 + 3. Die eerste 4 staan saam. Dit alles het betrekking op Christus se eerste koms. Die drie laaste feeste maak ons oë oop om te besef Jesus gaan weer kom. Sy wederkoms staan in die drie laaste feeste geteken.

\*\*\*

Die eerste van die feeste is die Paasfees of die fees van die Paasmaal. Vóór ons hierby mag kom, mag ons vers 3 nie verbygaan nie. Die Sabbat lees ons moet 'n dag van afsondering wees, 'n heilige vierdag. Selfs wanneer die ander feestye aan die gang was, dan was die Sabbat nog geldig. In al die woonplekke was die Sabbat in aansluiting by die groot tema waaroor eintlik die hele Levitikus handel. *Wees heilig, want Ek is heilig*. Levitikus wys wat beteken dit om heilig voor God te wees. Heilig wat nie maar net beteken iets is aan die Here afgesonder, iets wat aan die Here toegewy moet wees nie. Heilig is meer as afgesonder wees. Heilig gaan ook daarvoor om skoon te wees, gereinig te wees. Vir God is alleen die vlekkelose, die volmaakte, die skone, die sondelose goed genoeg. So moes die offers ook wees, so moes elke lam vir God geslag, sonder gebrek, vlekkeloos wees.

Daarom sal ons deurgaans in Levitikus lees van offers, dit wat met versoening te doen het. Levitikus begin met hierdie reeks offers. Brandoffer, spysoffer, dankoffer, sondoffer... Hierdié offers, versoenings offers, gaan heelyd oor hoe kan ek by God uitkom of anders gestel hoe kan die heilige God in die midde van 'n onreine volk woon. Daarvoor is die offers nodig. Die dood van die dier, wanneer 'n dier by 'n offer geslag was, dan was dit duidelike simboliek hoe nodig is dit dat iemand moet sterf want God eis dit. Dit was God se eis al by die boom in die paradys- *Die dag as jy daarvan eet, sterf jy...* Om skuldig te wees aan ongehoorsaamheid is voor God om doodskuldig te wees. Dit is 'n noodsaaklike dood van iemand wat deur God skuldig aan ongehoorsaamheid bevind is.

\*\*\*

Die Paasfees wat in Lev. 23 eerste staan, staan nie verniet eerste nie. Dit was 'n baie belangrike datum. Deurgaans in die Ou en Nuwe Testament kom die Paasfees ter sprake. Oor die 50 kere in die Ou Testament, 27 keer in die Nuwe Testament. Hierdie fees het in Hebreeus eintlik twee name. Die bekendste naam is *pesach*, ja afgelei van die naam van die engel van die dood waar die Israëliete die opdrag ontvang om 'n lam te slag en die bloed aan die deurkose van die huise waarin hulle bly, te sprinkel. Elke huis met so 'n bloedpoort aan sy ingang, was vir die engel wat daardie nag verbygaan (*die engel -pesach- hy gaan verby...*) 'n teken dat hierdie huis kan bly lewe. Daar het die eersgeborene nie gesterf nie. Kom die engel by 'n Egiptiese huis dan het hy nie verbygegaan nie, maar daardeur gegaan. Alle manlike eersgeborenes in so 'n huis het gesterf. Die Israëliete ken die fees ook as die seisoen van ons bevryding – *zman cheruteinu-*

\*\*\*

Dit wat prominent by die Paasfees moes wees wat ons in Christus die ware betekenis kry gebeur rondom die lam wat geslag moes word. Dit gaan spesifiek oor die doodmaak van die lam en daarna die eet van die lam. Vooraf is hier net 'n paar belangrike sake. By die doodmaak van die lam moet ons goed onderskei. Daar is die lam vir die paasmaaltyd geslag wat geëet gaan word, maar ook die ander lam wat geoffer gaan word. Hy word die volgende dag 9h00 voorberei, drie-uur die middag word die lam dan geslag. Dit is geen toeval dat Jesus nege-uur die oggend gekruisig was, drie-uur daardie Vrydag-middag, die 15de van die 7de maand nissan het Jesus gesterf. Die 17de van die 7de maand het Hy opgestaan, watter merkwaardige ooreenkoms wat die ark en die opstanding verbind...Dit daargelaat.

Hiermee saam, by al hierdie feeste moet ons onthou die Jode sien die begin van 'n nuwe dag anders as ons,. In die Bybel werk dit soos die Jode dit sien. Ons sien 'n nuwe dag begin 12h00 die nag en eindig weer die volgende nag 12h00. Die Jood sien die nuwe dag se begin wanneer die son ondergaan, sodra dit donker word, 'n uur na sonsondergang dan het vir hulle die nuwe dag begin en so 'n nuwe dag eindig weer die volgende dag se sononder. Vir hulle begin 'n Vrydag waar ons nog sal sê dit is nou Donderdag sononder...Hulle eerste lam is dan in ons terme Don-aand geslag, vir hulle is die aand reeds die begin van Vrydag. Dit maak nogal 'n groot verskil as ons met die datums in die Bybel moet werk. Ons teksverse noem die datum- *die eerste maand, op die veertiende van die maand, teen die aand is die Pasga van die Here... v 5)*

\*\*\*

Dit is vir die Jode die maand nissan, wat op die antieke kalender nog aangedui was as die maand abib. Baie keer staan dit die Here het Israel die maand Abib uit Egipte uitgelei (Eks.13:4; 23:15; 34:18; Deut.16:1) Aanvanklik was abib die 7de maand op die antieke kalenders, wat op ons Westerse kalenders ooreenkom met April-maand. Die Jode beskou egter hierdie abib-maand so belangrik, dat hulle die naam van die maand verander het, na nissan, maar daarmee saam, hierdie word vir hulle die eerste maand. (Dit was 'n opdrag in Eks. 12:2, vgl. ook Eks 13:4). Dit is eintlik verstaanbaar dat die Jode hulle hele kalender aangepas het dat alles by Paasfees moet begin. Hulle het geglo God het in hierdie 7de maand só in ons lewens ingegryp, God het so 'n radikale nuwe begin met ons gemaak deur ons te verlos, ons uit Egipte uit te lei. Ja, God het al in Noag se tyd gewys hierdie 7de maand sal altyd die maand van groot dinge wees. Gen. 8:4 lees ons dit was *die 7de maand, op die 17de dag van die maand wat die ark op die berg Ararat gaan rus het...* Weereens die sewende

maand en alles dui daarop dat dit 'n Sondag was wat die ark sy rus op die berg Ararat gevind het. Die ark se rus en die uitgaan uit Egipte word Sondag-sake.

\*\*\*

Die Pasga val presies op dag en datum saam met Israel se uitgaan uit Egipte. Kom ons verplaas ons in die gees vir 'n oomblik na daardie Saterdag. Die Jode het dit gesien as sopas Sondag. Vir hulle dan vroeg Sondagaand, net na sononder, moes elke gesin die paaslam slag, sy bloed aan die deurkosyne verf en dan haastig hulle deure sluit, die lam vinnig eet en gereed maak om onmiddellik te kan vertrek. Teen middernag het die Here al die eersgeborenes van Egipte - van mens en dier - laat sterf. En toe moes Israel onmiddellik padgee. Faraó wou hulle geen oomblik langer in sy land hê nie.

Interessant maar ook baie belangrik is om raak te sien dat *PASGA* (die Ou Testamentiese nagmaal) en *PAASFEES* (die fees waarop die Israëliete hulle eersteling aan die HERE moes wy omdat die HERE die eersteling van Egipte in daardie selfde nag laat omkom het) hulle oorsprong op dieselfde dag gehad het – die nag waarin die HERE Israel uit Egipte uitgelei het. Tog is die 2 feeste daarna nie weer op dieselfde dag gevier nie. Hoekom? Wel omdat die HERE Pasga verbind het aan 'n vaste datum (die 14de van die sewende maand abib of latere nissan). Die pasga kon dus daarna op enige weksdag val. Máár nie PAAS nie! Paas is uit die staanspoor deur die HERE verbind aan dié bepaalde WEEKSDAG – die eerste dag van die week – met ander woorde 'n SONDAG! – waarop die eersteling van Egipte omgekom en Hy 'n nuwe begin gemaak het met sy volk Israel.

En hierdie fees moes, soos ons sien, altyd op die eerste weksdag (Sondag) gevier word (kyk Lev. 23:11ev- 'n dag na hulle Sabbat is tog Sondag). Merkwaardig is dat ook die *OES/PINKSTERfees* op 'n Sondag gevier moes word (Lev. 23:15-16). Daarom vier ons PINKSTER (uitstorting van die Heilige Gees) ook altyd op 'n Sondag. Ja die belangrikheid van Sondag staan al in die Ou Testament vas. Die dag wat die eerste dag in die geskiedenis is. Gen. 1 begin met 'n Sondag. Gen 2 was die voltooiing die 7de dag, Gen. 1 se begin moet dan seker die 1ste dag wees- Sondag. God skep 6 dae van Sondag tot Vrydag. Die Saterdag was God se werk voltooi wat Hy gemaak het- ons lees Gen.2:2: *En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het...*Sondae word dan elke keer uitskieters soos ons verder deur die Woord van God gaan. Sondag was die dag waarop die Here Israel uit Egipte laat trek het. So het 'n nuwe begin vir Israel aangebreek. Ja, voor Israel se uittog as mens die berekeninge nou terugwerk,

dan bly Sondag die merkwaardige dag in God se werk. God begin sy skepping op 'n Sondag, Gen. 8:4 staan aan Sondag verbind *4 En die ark het in die sewende maand, op die sewentiende dag van die maand, op die gebergte van Ararat gerus.* Israel se uittog is Sondag. Die bekendste wat Sondag vir ons kon word, is juis wat die 17de van de 7 de maand uit Israel se kalender kon word, presies ook weer die ark-datum- want op daardie Sondag-môre het die ware Lam van God uit sy graf in Getsémané uitgekom. Hy lewe, Hy wat dood was, die mens het die Sondag sy lewe aanskou.

Die Paassondag laat ons eintlik dinge vooruitloop, maar ons moet vooruitgaan om die hier en die nou te verstaan- PaasSondag! JESUS HET OPGESTAAN! Daar breek 'n radikale nuwe begin/ 'n heel nuwe bedeling aan. Dit was weer soos die heel eerste dag van die wêreldgeskiedenis – die eerste dag (Sondag) waarop die skepping begin het. Nou nie weer 'n skepping wat onder die vloek van verganklikheid gebuk gaan nie, maar een wat op die laaste bladsye van dieselfde Bybel, wat begin het met die skepping op Sondag, nou deur Jesus weer op Sondag begin met 'n nuwe skepping wat uitloop op die nuwe hemel en die nuwe aarde Dit moet wees waarna Paulus verwys in 2 Kor. 5:17: *Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.*

\*\*\*

Hierdie nuwe wat ons in Lev. 23 vanoggend al kon uithaal. Ja, die dae rondom Paasfees was eintlik al vanaf die 10de toegespits. Van die 10de tot die 14de dag was die lammers wat geslag sou word in die Israel-fees getoets. Getoets om waarlik ondersoek te doen, is dit sonder gebrek, sonder vlek of rimpel moet die lam wees. Dan die aand waarop die Jode se Vrydag begin, ons Dond-aand is die lam geslag, die lam waarvan daar nie 'n been gebreek mag word nie (Eks 12:46). Dit was hulle pasga-maal wat dan geët is. Dieselfde ete wat Jesus ook die aand geëet het, toe Hy die Nagmaal ingestel het.

Die volgende dag was dit die tweede lam. Vrydag-oggend, in die eerste sonlig van hulle Vrydag wat nou-al die vorige aand begin het, is hierdie offerlam van 9h00 die oggend af voorberei, die priester het dit altyd drie-uur die middag op die altaar geoffer. Dit val saam. (h00 is Jesus kruisig, 3h00 die middag het Hy gesterf. Saam met hierdie lam was daar twee ander sake. Ongesuurde brode, wat my lyk met bitter kruie gemeng was, wat met wyn saamgaan. Die tweede diens sal ons weer oor die ongesuurde brood praat. Dit moet geen suurdeeg bevat nie, want suurdeeg stel sonde voor, selfs die simbool van sonde mag nie in die

huise gevind word nie. Hierdie brood het vir die Jode twee vereistes gehad. Daar moes 'n naat/strepe in die brood wees, wat aandui waar dit gebreek kan word om dit dan ook makliker te breek. Jesaja 53 profeteer van Christus, sy liggaam het strepe opgehad, oor sy rug die gesel slae uitgeslaan. En dan is die brood letterlik gebreek, dit moes so dun gebreek word as die gebreekte brood teen die ligstrale van die opkomende son gehou word, moet jy die son se lig daardeur kan sien. Alles dra sulke aangrypense simboliek.

Met die brood is dan 'n seremonie uitgevoer wat genoem word die Afikomen. In die middel van die tafel waarop die Pasga bedien word, is daar 'n tipe vierkantige bak so in drie kompartemente ingedeel. Aan die een kant is die bak oopgelaat, al drie kompartemente bevat 'n oop kant.... Die brood is dan in al drie geplaas. Die drie wat dan dui op die Drie-Eenheid van God. Die brood in die middelste deel word dan geneem en gebreek. Die helfte van die gebreekte brood word in linne toegedraai, weggesit om later uitgehaal te word. Soos hierdie Pasgamaal vorder, word die toegedraaide brood later uitgehaal, vir elke mens aan die tafel word daar dan ook 'n deel gegee om daarvan te eet. By die tweede diens sal ons sien hoe die toegedraaide brood op Christus se begrafnis dui. Die Jode het in hulle handeling dinge gedoen wat hulle nooit die diepste betekenis daarvan sou begryp nie.

Hiermee saam die Pasga was ondenkbaar sonder wyn. Elkeen aan tafel het geweet daar sal vier bekere deur die loop van die Pasgamaal wees. Die eerste beker is die beker van danksegging, of die beker van seëning genoem. Die tweede beker was die beker van plaë, wat herinner aan die tien plaë wat daar in Egipte was. Die derde beker was die beker van uitredding. Hierdie derde beker simboliseer die fisiese redding wat daar vir hulle was waar hulle redding begin het met die sprinkeling van die bloed aan die deurposte. Die vierde beker was die beker van lofprysing.

Met die omgaan van hierdie beker dan het die Jode die Hallel-psalms gesing. Psalms 113-118. Ander kommentare sê dat die hallel psalms was op 'n ander manier gesing. Hiervolgens het hulle Psalms 113-114 gesing net voor die beker van plaë volgemaak was, die tweede beker. Die ander Hallel-psalms- Psalms 115-118 sou dan by die volmaak van die vierde beker, die beker van lofprysing gesing word. Hoe dit ook al sy, ek glo glo daarmee is daar ooreenstemming-dat die vierde beker die Nagmaalbeker geword het, m.a.w. dat dit dan by die laaste beker sou wees wat Jesus gesê het- *Hierdie beker is die Nuwe Testament in my bloed wat vir julle uitgestort word ...*(vgl. Luk. 22:20; 1 Kor. 11:25). Die derde beker van



uitredding, die vierde beker van lofprysing kan nou word, die beker van verlossing en om God te prys. Daarom genoem die beker van danksegging... dit wat die eerste beker was, is nou vir ons die laaste beker, ja die finale beker in Christus, die beker van danksegging.

Geliefdes, ons sal nog so baie kan sê maar ons moet afsluit... Die betekenis van die Pasga, daardie eerste fees in Lev. 23, toegepas op ons geloofslewe dra elke element ryke betekenis. Daar kan geen twyfel wees dat die lam wat die Jode vir eeue met hulle Paasfees Vrydagoggend voorberei het, drie-uur die middag geoffer, dui op Jesus Christus. Christus is tyd van die môre-offer, ons tyd 9h00 die oggend gekruisig, 3h00 die middag het Hy gesterf.

\*\*\*

Hy was 'n lam wat op die tiende van die sewende maand, daardie Sondag die stad op 'n donkie ingery gekom het. Hy ry nie op 'n perd nie, Hy ry op 'n donkie, dit sê ook al weer so baie. In Op 6 ry Hy op 'n perd! Ons weet die Jode het die tiende van die maand die lammers eenkant begin sit, getoets of hulle sonder gebrek is, ja Jesus se toets bereik nou die laaste week van sy lewe op aarde, waar Hy mens soos ons was, die toets of Hy sonder sonde is, word gefinaliseer. Ja, by die tweede diens kyk ons verder hierna, presies wat beteken die fees van die ongesuurde brode, maar ons moet ook daarby uitkom deur te wys wat het van Sondag tot Sondag met Jesus, daardie laaste week op aarde gebeur. Die Sondag waarop alles in hierdie wêreld begin het, en alles weer ná 'n Sondag teruggevoer word.

AMEN